

# Bybelstudiereeks 2020

Hebreërs

## No 2

1. **Groet.** Goeie dag! Ek vertrou dit gaan nog goed met almal – onder die moeilike omstandighede wat ons tans beleef. Mag dit van elkeen van ons wees soos Paulus sê in 2 Kor. 4: 9b (“*Ons is*) op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie”).
2. **Pitstop.** Ek en Rynhardt stuur elke weeksdag hierdie Bybelstudies na julle toe. Ons noem dit “Pitstop” omdat dit soos ‘n vinnige tussentydse stop is voor ons op Sondag ‘n “vol diens” kry. Mag dit tot ons versterking en opbou dien!
3. **Wat ons bestudeer.** In my Bybelstudies behandel ek die boek Hebreërs. Ek glo die boodskap van Hebreërs is uiters relevant vir ons – ons wat so maklik in ‘n godsdiens van reëls wil verval en die bevryding wat Jesus bring miskyk! Ons gaan soms bietjie in meer detail ingaan en ander tye so bietjie meer oorsigtelik na gedeeltes uit dié boek kyk.
4. **Gebed.** Kom ons bid vir die verligting van die Gees...
5. Net om onself te **herinner**: Die skrywer en presiese eerste lesers van dié boek is onbekend. Dit maak nie baie saak nie, want ons weet dat die Here self die eintlike Outeur is! Maar dit is baie duidelik waarom dit gaan in hierdie brief! Die lesers is Christene wat uit die Jodedom gekom het – die hele opset van die boek met die verwysing na Ou Testamentiese agtergrond maak dit baie duidelik. Maar, hierdie Christene se geloof is onder aanval. Daar is aan die een kant **dwaalleraars** wat hulle wil terugvat na die Ou Testamentiese uitlewing van die godsdiens, en aan die ander kant is daar **vervolging en swaarkry** wat maak dat hulle begin twyfel of dit die prys werd is om te volhard in hierdie “nuwe” geloof. Die skrywer moedig hulle aan om te volhard in die geloof in Christus, die beloofde Messias van die Ou Testament. Sommer die heel eerste versie van hierdie brief (waarskynlik eerder ‘n preek!) stel hierdie tema van die skrywe: *In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, <sup>2</sup>maar nou, in hierdie laaste dae (eindtyd), het Hy met ons gepraat deur die Seun.* Die Ou Testament is verby, die nuwe bedeling is hier!
6. **Teksgedeelte.** Vandag kyk ons bietjie van nader na vers 2 en 3. Kom ons lees dit in 2020-vertaling.

### God se openbaring deur sy Seun

<sup>1</sup> In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, <sup>2</sup> maar in hierdie **eindtyd** het Hy met ons gepraat deur sy Seun.

Hom het Hy aangestel as **erfgenaam** van alle dinge, en deur Hom het Hy ook **die wêreld geskep**.

<sup>3</sup> Hy is die **uitstraling van God se heerlijkheid**

en die **ewebeeld van sy wese**.

Hy **hou alles in stand** deur sy magtige woord;

en nadat Hy die **reiniging van sondes** bewerk het, het Hy gaan sit aan die **regterhand van die**

**Majesteit** in die hoogtes.

7. **Sake uit vers 2.** Die verwysing na God wat met ons praat in die **eindtyd** of **laaste dae** (ἔσχατος) is belangrik, in aansluiting by “**die wêreld** geskep”.

- a. Die vraag is: Waarna word hierdie verwys? Na die skepping in die begin? Seker, indirek, ja, maar die woord vertaal met “wêreld” is in Grieks aiōn (αἰῶνας). En dit kan maklik en eerder verstaan word as “bedeling”. Bedeling verwys na ‘n afgeslote, beperkte tyd in die geskiedenis. So is daar die bedeling voor die sondeval, die bedeling na die sondeval en voor die koms van Christus, die bedeling ná Jesus koms na die aarde toe en uiteindelik ook die bedeling ná die wederkoms. Binne hierdie konteks verwys die wêreld, bedeling (of aiōn), dan na die Nuwe Testamentiese tyd. En hierdie aiōn, bedeling is dus deur God geskep deur Jesus! Die tyd wat aangebreek het, waarin ons leef, die bedeling waarin ons nou leef, is deur God geskep, d.m.v. van Jesus!
- b. Geen wonder dat die Hebreërskrywer sê dat (3: 2, 6: 6 & 12: 15), om **Jesus te verwerp, is om God self te verwerp!** Jesus self is die erfgenaam van hierdie wêreld of bedeling, ‘n verwysing na die kerk wat deur sy kosbare bloed losgekoop is!
- c. Die bedoeling is dus tweeledig: aan die een kant, as jy Jesus verwerp, **verwerp jy God self!** Aan die ander kant: die kerk – dus ek en jy – is vas en veilig by God, omdat hierdie bedeling van die geloof deur God self daargestel is! Dit is geen mensgemaakte uitdinksel nie, maar God se plan, wat Hy tot voltooiing sal bring in die bedeling wat hierna sal aanbreek!
- d. Dit is onverstaanbaar dat ons leef in ‘n tyd van die **Christuslose Christendom!** Daar is oral “Christelike” kerke wat nie meer Jesus as die skepper van die nuwe bedeling herken of erken nie – hulle soek na die “historiese Jesus” wat niks te make het met die Christus wat hierdie bedeling geskep het nie!

8. **Sake uit vers 3.** Hoe nou die drie-enige God en die Seun saam hierdie bedeling geskep het, kom na vore in die tweeledige beskrywing van die Seun.

- a. Daar word gesê dat Hy (Jesus) die **afskynsel/uitstraling** van die heerlijkheid van God is. Dit is soos die strale van die son wat die son sigbaar maak. Jesus maak God se heerlijkheid sigbaar op die aarde. Hierdie is een van daardie dinge wat in die lig van die Ou Testament verstaan moet word.
  - i. Wanneer die Here se heerlijkheid (doksa) intrek in die tabernakel, is dit tekenend van God se teenwoordigheid! Dieselfde word nou hier van Jesus gesê! In Hom het God se heerlijkheid aan die mens sigbaar geword! Dit is waarna Jh 1: 4 o.a. verwys: *<sup>4</sup>In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.* Die Ou Testamentiese bedeling het sy sigbare tekens gehad, maar só het die Nuwe Testament ook! Jesus is God wat sigbaar word – ‘n teofanie aan die kerk van die nuwe aiōn!
  - ii. Hierdie heerlijkheid of glorie is natuurlik nie fisies bedoel nie. Kyk maar na Jes. 53: 2 – 3 om te verstaan dat Jesus geen menslike skoonheid of heerlijkheid gehad het nie. Maar die geestelike skoonheid Maar sy geestelike heerlijkheid word beskryf daarin dat Hy...
- b. ...**ewebeeld van die wese van God** is. In Grieks staan daar dat Jesus die karakter (χαρακτήρ) van die substansie, die wese God is. Die onsigbare God is sigbaar gemaak in die Seun. Ons het God self leer ken in Jesus. Daarom sê Jesus in Jh 14: 8 – 11 dat, as jy Jesus gesien het, het jy die Vader gesien. Wat ‘n genade, wat ‘n wonder. Ons sal nog sien dat die Ou Testamentiese simbole (offers, ens.) maar

net 'n skadu was van die hemelse dinge. Maar nou het die hemelse vir ons sigbaar geword, want Jesus het God aan ons kom wys! Ons bedeling is beter as die oue! Moenie weer met wette probeer om gered te word nie...

- c. ...want Jesus het ons kom red. Hy het die **reiniging van sondes** kom bewerk. Die Ou Testamentiese simbole kon nie self die redding bewerk nie – dit het alles vooruitgewys na Jesus (sien o.a. ook Jes. 6: 6 & Sag 3: 1 – 5). Ons anker, ons geloofsekerheid is daarom nie in onself (en ons offers) geleë nie, maar in Hom wat die reiniging vir ons kom bewerk het – deur sy eie offer aan die kruis.
- d. Nadat Hy hierdie eenmalige offer gebring het (Heb. 7: 27), het Hy aan die **regterhand van die Majesteit** gaan sit en van daar **hou (Hy) alles in stand**. Die regterhand is 'n magposisie. 'n Regeerposisie. En Hy hou alles in stand. Dié “alles” verwys sekerlik na die voorsienigheid van God in hierdie wêreld (sien o.a. die sewe seëls van Op 6) maar in hierdie konteks, veral die **reiniging van sondes!** Hy het ons gered, en nou is dit nie ons eie verantwoordelikheid om “gered te bly” deur ons werke nie! Nee, ons redding, ons alles word deur Jesus in stand gehou! Dink aan 1 Jh 1: 9 waar verwys word na Jesus wat ons reinig, en Rom. 8: 34 wat verwys na Jesus wat vir ons intree.
9. **Wat kan ons met ons saamvat van hier af?** Sjoë, dit is só 'n ryk gedeelte! Twee versies, met sóveel impak en implikasies. Miskien kan julle binne julle gesinne of wyke oor die implikasies gesels, maar ek dink hierdie sake staan uit:
- Die kerk (hierdie bedeling) is deur God tot stand gebring deur Jesus. Die kerk is daarom die plek waar ons Hom ontmoet, waar ons sy heerlikheid leer ken! Wie sy rug op die kerk draai, keer sy rug op God se raadsplan.
    - **Hoe staan jou sake met die kerk van die Here?**
  - Vir gelowiges is die bedeling deur Jesus bewerk die hoogste liefde, realiteit en troos! Troos omdat ons weet dat God self ons sy eiendom gemaak het, en niks en niemand ons uit sy hand kan ruk nie – ons behoort aan Hom in lewe en sterwe, soos ons in HK So 1 bely!
    - **Is jy altyd bewus daarvan dat jy duur gekoop is, met die bloed van die Seun?**
  - Moenie dat COVID-19 jou laat twyfel aan God se nabyheid nie, of laat wegdwaal van Sy bedeling nie! Jesus sit aan die regterhand van die Majesteit – Hy is ons Koning!
    - **Raak jy depressief in hierdie COVID-tyd? Dreig jy om te twyfel, uit te val? Hoekom mag jy nie só reageer nie?**

**Aantekeninge by besprekingsvrae**

---

---

---

---

---

---